UNION OF SOUTH AFRICA
UNIE VAN SUID-AFRIKA

Government Gazette
Staatskoerant

(Registered at the Post Office as a Newspaper) (As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

VOL. CLXXXII.] PRICE 6d. PRETORIA, 21 OCTOBER 21 OKTOBER 1955. PRYS 6d. [No. 5564.

CONTENTS.

All Proclamations, Government and General Notices published for the first time, are indicated by a ✲ in the left-hand upper corner.

For purposes of reference, Proclamations and Government Notices published in "Gazettes Extraordinary" are included in the weekly index.

No. PAGE

PROCLAMATIONS.

✲ 230. Date of Commencement of the Group Areas Further Amendment Act, 1955 (*G.G.E.* No. 5563).
✲ 231. Application in the Controlled Areas of the Provisions of Paragraphs (*h*), (*h*) *bis* and (*a*) of Sub-section (2) of Section 10 of the Group Areas Act, 1950 (*G.G.E.* No. 5563).
✲ 232. Group Areas Act, 1950: Definition of Areas 1

Department of Justice.

GENERAL NOTICES.

✲ 1143. Liquor Licensing Board, Cape Town: Interim Meeting 30
✲ 1144. Liquor Licensing Board, Port Elizabeth: Interim Meeting 30
✲ 1149. Circuit Court Sitting: Province of Natal 31
✲ 1159. Person Declared Unfit to Possess a Firearm: C. B. van der Merwe 35
✲ 1160. Circuit Court Sitting: Province of Natal 35
✲ 1163. Liquor Licensing Board, Johannesburg: Interim Meeting 38

Department of Prisons.

GENERAL NOTICE.

✲ 1141. Notice of Escape: J. Mulumbi 29

Department of Lands.

GOVERNMENT NOTICE.

✲ 2098. Appointment of Commissions for Determining the High Water Mark of the Sea: Cape Town Municipal Area ... 1

GENERAL NOTICE.

✲ 1142. Crown Land Surveys (Cape) 28

Department of Irrigation.

GENERAL NOTICES.

✲ 1137. Brakboseiland Irrigation Board: Election 28
✲ 1145. Brak River Irrigation Board: Election ... 30
✲ 1146. Blaauwskop Irrigation Board: Election ... 30
✲ 1147. Van Rynevelds' Pass Irrigation Board: Election 31
✲ 1148. Upington Irrigation Board: Election ... 31
✲ 1155. Water Court Application J. P. Conradie: Notice of Hearing 33
✲ 1156. Water Court Application J. S. du Toit: Notice of Hearing 34
✲ 1157. Crocodile River Irrigation District: Election 34

G.G.E.=Government Gazette Extraordinary.

INHOUD.

Alle Proklamasies, Goewerments- en Algemene Kennisgewings, wat vir die eerste maal gepubliseer word, is in die linker-bohoek met 'n ✲ gemerk.

Proklamasies en Goewermentskennisgewings in „Buitengewone Staatskoerante" gepubliseer, word vir verwysingsdoeleindes in die weeklikse inhoudsopgawe ingesluit.

No. BLADSY

PROKLAMASIES.

✲ 230. Datum van Inwerkingtreding van die Verdere Wysigingswet op Groepsgebiede, 1955 (*B.S.* No. 5563).
✲ 231. Toepassing in Beheerde Gebiede van die Bepalings van Paragrawe (*h*), (*h*) *bis* en (*n*) van Subartikel (2) van Artikel 10 van die Wet op Groepsgebiede, 1950 (*B.S.* No. 5563).
✲ 232. Wet op Groepsgebiede, 1950: Omskrywing van Gebiede 1

Departement van Justisie.

ALGEMENE KENNISGEWINGS.

✲ 1143. Dranklisensieraad, Kaapstad: Tussentydse Vergadering 30
✲ 1144. Dranklisensieraad, Port Elizabeth: Tussentydse Vergadering 30
✲ 1149. Sitting van die Rondgaande Hof: Provinsie Natal 31
✲ 1159. Persoon Onbekwaam Verklaar om 'n Vuurwapen te besit: C. B. van der Merwe 35
✲ 1160. Sitting van die Rondgaande Hof: Provinsie Natal 35
✲ 1163. Dranklisensieraad, Johannesburg: Tussentydse Vergadering 38

Departement van Gevangenisse.

ALGEMENE KENNISGEWING.

✲ 1141. Kennisgewing van Ontvlugting: J. Mulumbi 29

Departement van Lande.

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

✲ 2098. Aanstelling van Kommissies insake Vasstelling van die Hoogwaterpeil van die See: Kaapstadse Munisipale Gebied ... 1

ALGEMENE KENNISGEWING.

✲ 1142. Opmetings van Kroongrond (Kaap) 28

Departement van Besproeiing.

ALGEMENE KENNISGEWINGS.

✲ 1137. Besproeiingsraad van Brakboseiland: Verkiesing 28
✲ 1145. Besproeiingsraad van Brakrivier: Verkiesing 30
✲ 1146. Besproeiingsraad van Blaauwskop: Verkiesing 30
✲ 1147. Besproeiingsraad van Van Ryneveldspas: Verkiesing 31
✲ 1148. Besproeiingsraad van Upington: Verkiesing 31
✲ 1155. Waterhofaansoek, J. P. Conradie: Kennisgewing van Verhoor 33
✲ 1156. Waterhofaansoek, J. S. du Toit: Kennisgewing van Verhoor 34
✲ 1157. Besproeiingsdistrik Krokodilrivier: Verkiesing 34

B.S.=Buitengewone Staatskoerant.

No. PAGE

Department of Finance.

GOVERNMENT NOTICES.

* 2076. Building Societies Returns 2
* 2084. Closing of Transfer Registers of Local Registered Stock 2
* 2096. S.A. Reserve Bank: Weekly Statement 2

GENERAL NOTICE.

* 1138. Conscience Money 28

Department of Transport.

GENERAL NOTICE.

* 1162. Air Services Act, 1949: Schedule of Applications 36

Department of Railways and Harbours.

GENERAL NOTICES.

* 1150. Expropriation of Land at Kimberley ... 31
* 1151. Expropriation of Land at Barkly West 32
* 1152. Expropriation of Land at Grahamstown 32
* 1153. Expropriation of Land at Riversdale ... 32

Department of Agriculture.

GOVERNMENT NOTICES.

2064. Application for Brands: Cape Province 3
* 2085. Deciduous Fruit Board: Appointment of Members 3
* 2099. Registration and Sale of Fertilizers 4

Department of Commerce and Industries.

GENERAL NOTICES.

* 1154. Customs Tariff Applications: List No. 128 33
* 1164. List of Registered Companies 39

Department of Interior.

GOVERNMENT NOTICES.

* 2074. Regulations under Section 36 of the Group Areas Act, 1950 (*G.G.E.* No. 5563).
* 2077. Appointment of Member: Land Tenure Advisory Board 16
* 2078. Appointment of Member: Land Tenure Advisory Board 17
* 2086. Application for Registration of Name and Special Name: Boy Scouts Association of the Union of South Africa 17
* 2087. Registration of Uniform and Badge: Indian Girls' High School, Durban ... 17
* 2088. Registration of Uniform: Afrikaanse Hoër Handelskool 17
* 2089. Registration of Name and Uniform: Babrosco Mine Recreation Club 17
* 2090. Registration of Name and Badge: The Border Amateur Swimming Association (B.A.S.A.) 18
* 2091. Registration of Uniform: Ladysmith High School 18
* 2092. Change of Name: Langenhoven to Swanson 18
* 2093. Change of Name: Hotz to D'Oliveira 18
* 2101. Registration of Name and Badge: The Central Council of Land Surveyors of the Union of South Africa 18
* 2102. Registration of Name and Badge: Johannesburg Amateur Judo Club 18
* 2103. Registration of Badge: Die Kweekskool Hervormde Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 19
* 2104. Change of Name: Mapanga to Bendie ... 19

Department of Defence.

GOVERNMENT NOTICES.

* 2105. Amendment to the Regulations for the South African Permanent Force 19
* 2106. Appointment of Acting Secretary for Defence 19

GENERAL NOTICE.

* 1158. Military Training and Exercises: Strandfontein 34

(Continued on inside back cover.)

No. BLADSY

Departement van Finansies.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

* 2076. Bouverenigingsopgawes 2
* 2084. Sluiting van Oordragboeke van Plaaslike Geregistreerde Effekte 2
* 2096. S.A. Reserwebank: Weeklikse Opgawe ... 3

ALGEMENE KENNISGEWING.

* 1138. Gewetensgeld 28

Departement van Vervoer.

ALGEMENE KENNISGEWING.

* 1162. Wet op Lugdienste, 1949: Lys van Aansoeke 36

Departement van Spoorweë en Hawens.

ALGEMENE KENNISGEWINGS.

* 1150. Onteiening van Grond te Kimberley ... 31
* 1151. Onteiening van Grond te Barkly-Wes ... 32
* 1152. Onteiening van Grond te Grahamstown 32
* 1153. Onteiening van Grond te Riversdal 32

Departement van Landbou.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

2064. Aansoek om Brandmerke: Kaapprovinsie 3
* 2085. Sagtevrugteraad: Aanstelling van Lede ... 3
* 2099. Registrasie en Verkoop van Misstowwe ... 4

Departement van Handel en Nywerheid.

ALGEMENE KENNISGEWINGS.

* 1154. Doeanetariefaansoeke: Lys No. 128 33
* 1164. Lys van Geregistreerde Maatskappye ... 39

Departement van Binnelandse Sake.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

* 2074. Regulasies kragtens Artikel 36 van die Wet op Groepsgebiede, 1950 (*B.S.* No. 5563).
* 2077. Aanstelling van Lid: Adviserende Raad vir Grondbesit 16
* 2078. Aanstelling van Lid: Adviserende Raad vir Grondbesit 17
* 2086. Aansoek om Registrasie van Naam en Spesiale Naam: Boy Scouts Association of the Union of South Africa 17
* 2087. Registrasie van Uniform en Wapen: Indian Girls' High School, Durban ... 17
* 2088. Registrasie van Uniform: Afrikaanse Hoër Handelskool 17
* 2089. Registrasie van Naam en Uniform: Babrosco Mine Recretaion Club 17
* 2090. Registrasie van Naam en Wapen: The Border Amateur Swimming Association (B.A.S.A.) 18
* 2091. Registrasie van Uniform: Ladysmith Hoërskool 18
* 2092. Naamsverandering: Langenhoven in Swanson 18
* 2093. Naamsverandering: Hotz in O'liveira ... 18
* 2101. Registrasie van Naam en Wapen: Die Sentrale Landmetersraad van die Unie van Suid-Afrika 18
* 2102. Registrasie van Naam en Wapen: Johannesburg Amateur Judo Club 18
* 2103. Registrasie van Wapen: Die Kweekskool, Hervormde Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 19
* 2104. Naamsverandering: Mapanga in Bendie 19

Departement van Verdediging.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

* 2105. Wysiging van die Regulasies vir die Suid-Afrikaanse Staande Mag 19
* 2106. Aanstelling van Waarnemende Sekretaris van Verdediging 19

ALGEMENE KENNISGEWING.

* 1158. Militêre Opleiding en Oefening: Strandfontein 34

(Vir vervolg sien tweede laaste bladsy.)

No. PAGE

Department of Labour.

GOVERNMENT NOTICES.

* 2079. Appointment of Member: Native Building Workers' Advisory Board 19
* 2080. Apprenticeship Committee for the Sugar Manufacturing and Refining Industry: Designation of Trades and Prescription of Conditions of Apprenticeship 20
* 2081. Apprenticeship Committee for the Sugar Manufacturing and Refining Industry: Engagement and Termination of Services of Minors in Designated Trades 22
* 2082. Motor Transport Undertaking (Goods), Witwatersrand and Vereeniging: Amending Agreement 23
* 2094. Determination No. 151: Mineral Water Manufacturing Industry, Principal Areas 24
* 2108. Wage Act, No. 44 of 1937: Milling Industry 25

GENERAL NOTICE.

* 1140. Examination for Electrical Wiremen's Certificate of Registration 29

Department of Forestry.

GOVERNMENT NOTICE.

1883. Excision of Sub-reserves (*a*) and (*b*) of Reserve No. 1 Ermelo Forest Reserve, District of Ermelo 26

Department of Posts and Telegraphs.

GOVERNMENT NOTICE.

* 2097. Amendment to the Telephone Regulations 26

Department of Native Affairs.

GOVERNMENT NOTICES.

* 2075. Proclaimed Area of Worcester: Amendment of Registration Regulation 26
* 2083. Definition of Boundaries of Location No. 28, called Xukwane, in the District of Middledrift 26

Department of Education, Arts and Science.

GOVERNMENT NOTICE.

* 2095. Cape Technical College: Amendment of Scheme of Government 27

Department of Mines.

GOVERNMENT NOTICE.

* 2107. Withdrawal of Ground from the Pegging of Claims 27

Department of Health.

GENERAL NOTICE.

* 1161. Health Bulletin No. 41 of 1955 35

Department of Social Welfare.

GENERAL NOTICE.

* 1139. Surrender of Certificate of Registration: Ulysses Home 28

Tenders 54

Vacancy for Chief Speech Therapist 71

Vacancy for Lecturer in Librarianship ... 71

Official Publications Issued during September, 1955 72

LEGAL ADVERTISEMENTS.

Business Notices 73
Company Notices 79
Lost Documents 85
Orders of the Court, etc. 92
Sale in Execution 98
Change of Name 102
General Notices 104
Estate Notices 110
Naturalization Notices 147

No. BLADSY

Departement van Arbeid.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

* 2079. Aanstelling van Lid: Adviserende Raad vir Naturellebouwerkers 19
* 2080. Komitee vir Vakleerlingskap in die Suikervervaardigings- en Raffineernywerheid: Aanwysing van Ambagte en Voorskrywing van Leervoorwaardes ... 20
* 2081. Komitee vir Vakleerlingskap in die Suikervervaardigings- en Raffineernywerheid: Indiensneming en Beëindiging van die Dienste van Minderjariges in Aangewese Ambagte 22
* 2082. Motorvervoeronderneming (Goedere), Witwatersrand en Vereeniging: Wysigingsooreenkoms 23
* 2094. Vasstelling No. 151: Mineraalwatervervaardigingsnywerheid, Vernaamste Gebiede 24
* 2108. Loonwet, No. 44 van 1937: Maalnywerheid 25

ALGEMENE KENNISGEWING.

* 1140. Eksamen vir Registrasiesertifikate van Elektrotegniese Draadwerkers 29

Departement van Bosbou.

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

1883. Onttrekking van Subreserwes (*a*) en (*b*), Reserwe No. 1, Ermelo-Bosreserwe, Distrik Ermelo 26

Departement van Pos- en Telegraafwese.

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

* 2097. Wysiging van die Telefoonregulasies ... 26

Departement van Naturellesake.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

* 2075. Geproklameerde Gebied van Worcester: Wysiging van Registrasieregulasies 26
* 2083. Omskrywing van Grense van Lokasie No. 28, bekend as Xukwane, in die Distrik Middledrift 26

Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

* 2095. Kaapse Tegniese Kollege: Wysiging van Skema van Bestuur 27

Departement van Mynwese.

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

* 2107. Onttrekking van Grond aan die Afpenning van Kleims 27

Departement van Gesondheid.

ALGEMENE KENNISGEWING.

* 1161. Gesondheidsbulletin No. 41 van 1955 ... 35

Departement van Volkswelsyn.

ALGEMENE KENNISGEWING.

* 1139. Teruggawe van Registrasiesertifikaat: Ulysses Home 28

Tenders 54

Vakature vir Hoof-spraakterapeut 71

Vakature vir Dosent in Biblioteekwese ... 71

Offisiële Publikasies uitgegee gedurende September 1955 72

WETLIKE ADVERTENSIES

Besigheidskennisgewings 73
Maatskappy-kennisgewings 79
Verlore Dokumente 85
Orders van die Hof, ens. 92
Geregtelike Verkope 98
Naamsveranderings 102
Algemeen 104
Boedelkennisgewings 110
Naturalisasiekennisgewings 147

Government Gazette

OF THE UNION OF SOUTH AFRICA

(Published on Fridays)

GENERAL CONDITIONS FOR PUBLICATION OF LEGAL NOTICES

Only Legal Advertisements are accepted for publication in the *Gazette*, and are subject to the approval of the Government Printer, who can refuse to accept or decline further publication of any advertisement.

The Government Printer reserves to himself the right to edit copy.

No responsibility can be accepted for losses arising from omissions or typographical errors, or from errors resulting from vague or indistinct copy.

Manuscript of advertisements should be written on one side of the paper only and not as part of the covering letter. **All proper names must be plainly inscribed;** in the event of any name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the advertisement can be republished only on payment of the cost of another insertion.

No advertisement can be inserted unless it is prepaid.

All cheques, bank drafts, postal orders, or money orders must be made payable to the Government Printer, Pretoria, and crossed "South African Reserve Bank". *Cheques will only be accepted when initialed by the Bank.*

Free voucher copies of the *Gazette* or cuttings of advertisements are NOT supplied. If copies of the *Gazette* are required, 6d. must be sent for each copy.

CLOSING HOUR FOR ACCEPTANCE OF COPY

Advertisers should note that the closing hour for the acceptance of "copy" for the "Union Gazette" is 12 noon on Tuesday of each week preceding publication. Any copy received after this hour will be held over for the following week's "Gazette". When public holidays affect publication, a special notice will appear in the "Gazette" notifying any change in the closing hour.

ADVERTISEMENT RATES

LEGAL NOTICES, Lost Deeds, Certificates, etc., Messengers' Notices, Orders of Court, Surrenders, Tenders and Sales, Company Notices, etc.

Rates of advertising are 7s. per inch, single column, repeats, 5s.

In order to arrive at the approximate space which an advertisement will occupy, advertisers should count the words in the body of the advertisement, and reckon 45 words for one inch (single column).

In each case an additional half-inch at top and bottom should be allowed for heading and signature respectively. **Fractions of half-inch to be reckoned as half an inch.**

LOST LIFE INSURANCE POLICIES.

£1. 1s. per insertion.

APPOINTMENTS AS SWORN APPRAISERS

14s. per insertion.

CHANGE OF NAME (INDIANS).

14s. per insertion.

DECEASED ESTATE NOTICES.

Notices to Creditors and Debtors in the Estates of Deceased Persons and Notices by Executors concerning Liquidation Accounts lying for inspection are published **in schedule form** at 10s. per Estate. These notices must be sent on or in the correct form.

INSOLVENCY ACT NOTICES.

A fixed charge of 15s. per Estate is made for publishing notices **in the schedule forms** prescribed in the Regulations made under the Insolvency Act, 1916 and 1936, such notices to be sent on or in the correct form as prescribed by the Insolvency Act.

N.B.—In the case of forms 3 and 4, advertisers should count the words in the advertisement and reckon: 15s. for the first 36 words (or portion thereof) and 2s. for every additional 12 words (or portion thereof).

NATURALIZATION NOTICES.

Applications for Naturalization are inserted for 13s. (which includes a copy of the *Gazette*).

SUBSCRIPTION RATES

The subscription rates to the *Union Gazette* (including all *Gazettes Extraordinary* and Quarterly Index) are as follows:—

£1 for six months (post free).
£2 for twelve months (post free).
Price per single copy, 6d.

(Persons or firms who only require the *Government Gazette Extraordinary* dealing with Price Control Notices, can subscribe thereto for 10s. per year, post free.)

Subscriptions are payable in advance to the Government Printer, Pretoria, and may commence from the 1st of any month, but cannot be accepted for a shorter period than six months.

S. A. MYBURGH,
Government Printer.

The Government Printer, Pretoria.

Staatskoerant

VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA

(Verskyn elke Vrydag)

ALGEMENE VOORWAARDES VIR PUBLIKASIE VAN WETLIKE KENNISGEWINGS

Slegs wetlike advertensies word vir publikasie in die *Staatskoerant* aangeneem en is onderworpe aan die goedkeuring van die Staatsdrukker, wat kan weier om advertensie aan te neem of verder te publiseer.

Die Staatsdrukker behou hom die reg voor om kopie te redigeer.

Geen aanspreeklikheid kan aanvaar word vir verliese wat deur weglatings of tipografiese foute of uit foute weens vae of onduidelike kopie ontstaan nie.

Die manuskrip van advertensies moet slegs op een kant van die papier geskrywe word en nie op die begeleidende brief nie. **Alle elename moet duidelik geskryf word;** ingeval 'n naam verkeerd gedruk word ten gevolge van onduidelike skrif, kan die advertensie alleen na betaling van die koste van 'n tweede plasing weer gepubliseer word.

Geen advertensie kan geplaas word nie, tensy dit vooruitbetaal is.

Alle tjeks, bankwissels, posorders of poswissels moet uitgemaak word aan die Staatsdrukker, Pretoria, en gekruis wees „Suid-Afrikaanse Reserwebank". *Alleen tjeks wat deur die Bank geparafeer is, sal aangeneem word.*

Gratis eksemplare van die *Staatskoerant* of uitknipsels van advertensies word NIE verskaf nie. Indien eksemplare van die *Staatskoerant* verlang word, moet 6d. vir elke eksemplaar gestuur word.

SLUITINGSUUR VIR DIE AANNEMING VAN KOPIE

Adverteerders dien daarop te let dat die sluitingsuur vir die aanneming van kopie vir die „Unie-Staatskoerant" 12 middag op Dinsdag van elke week voor verskyning is. Kopie wat na hierdie uur ontvang word, sal oorgehou word vir publikasie in die volgende week se „Staatskoerant". Wanneer openbare feesdae die publikasiedatum raak, sal daar 'n spesiale kennisgewing in die „Staatskoerant" geplaas word wat veranderings van die sluitingsuur aankondig.

ADVERTENSIETARIEWE

WETLIKE KENNISGEWINGS, Verlore Aktes, Sertifikate, ens., Kennisgewings van Geregsbodes, Orders van die Hof, Boedeloorgawes, Tenders en Verkoping, Maatskappyekennisgewings, ens.

Die advertensietarief is 7s. per duim, enkelkolom, herhalings, 5s.

Om die ruimte wat 'n advertensie sal beslaan, by benadering te bereken, moet adverteerders die woorde in die advertensie tel en die ruimte bereken teen 45 woorde per duim, enkelkolom.

In elke geval moet 'n ekstra halfduim aan die bo- en onderkant bereken word vir onderskeidelik die titel en ondertekening. **Gedeeltes van 'n halfduim moet as 'n halfduim gereken word.**

VERLORE LEWENSVERSEKERINGSPOLISSE.

£1. 1s. per plasing.

AANSTELLINGS AS BEËDIGDE TAKSATEURS.

14s. per plasing.

NAAMSVERANDERING (INDIËRS).

14s. per plasing.

KENNISGEWINGS IN SAKE BESTORWE BOEDELS.

Kennisgewings aan krediteure en debiteure in die boedels van oorlede persone en kennisgewings van eksekuteurs betreffende likwidasie-rekenings wat ter insae lê, word gepubliseer **in lysvorm** teen 10s. per boedel. Hierdie kennisgewings moet op of in die regte vorm gestuur word.

KENNISGEWINGS IN SAKE DIE INSOLVENSIEWET.

'n Vaste bedrag van 15s. per boedel word bereken vir die publikasie **in lysvorm** van kennisgewings voorgeskryf by die regulasies opgestel ingevolge die Insolvensiewet, 1916 en 1936, en sulke kennisgewings moet op of in die regte vorm soos in die Insolvensiewet voorgeskryf, gestuur word.

LET WEL.—In die geval van vorms 3 en 4 moet adverteerders die woorde in die advertensie tel en bereken teen: 15s. vir die eerste 36 woorde (of gedeelte daarvan) en 2s. vir elke addisionele 12 woorde (of gedeelte daarvan).

KENNISGEWINGS IN SAKE NATURALISASIE.

Aansoeke om naturalisasie word vir 13s. geplaas, en hierdie bedrag dek die koste van 'n eksemplaar van die *Staatskoerant*.

INTEKENGELD

Die intekengeld vir die *Unie-Staatskoerant* (insluitende alle *Buitengewone Staatskoerante* en kwartaal-indeks) is as volg:—

£1 per ses maande (posvry).
£2 per twaalf maande (posvry).
Prys per los eksemplaar, 6d. (posvry).

(*Persone of sake wat net die Buitengewone Staatskoerant* wat op prysbeheerkennisgewings betrekking het, wil hê, kan daarvoor inskryf vir 10s. per jaar, posvry.)

Intekengelde moet vooruitbetaal word aan die Staatsdrukker, Pretoria, en kan ingaan van die 1ste dag van enige maand, maar kan nie vir 'n korter tydperk as ses maande aangeneem word nie.

S. A. MYBURGH,
Staatsdrukker.

Die Staatsdrukker, Pretoria.

✻ No. 232, 1955.]

PROCLAMATION

BY HIS EXCELLENCY THE HONOURABLE ERNEST GEORGE JANSEN, DOCTOR OF LAWS, GOVERNOR-GENERAL OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

DEFINITION OF AREAS TO WHICH THE PROVISIONS OF PARAGRAPH (*b*) OF SUB-SECTION (3) OF SECTION *THIRTEEN* OF THE GROUP AREAS ACT, 1950, AS AMENDED APPLY.

Under and by virtue of the powers vested in me by paragraph (*a*) of sub-section (3) of section *thirteen* of the Group Areas Act, 1950 (Act No. 41 of 1950), as amended, I do hereby define the areas situate in the municipal area of Engcobo in the Province of the Cape of Good Hope and in a Proclamation No. 220 of 1951 specified area and described in the Schedule hereto, for the purposes of paragraph (*b*) of the said sub-section.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this Sixth day of October, One thousand Nine hundred and Fifty-five.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

T. E. DÖNGES.

SCHEDULE.

IN THE MUNICIPAL AREA OF ENGCOBO, PROVINCE OF THE CAPE OF GOOD HOPE.

Description of Area.	*Office of the Surveyor-General. Diagram Reference Number.*
Erf No. 9, Engcobo	55/1894
Erf No. 10, Engcobo	56/1894
Erf No. 12, Engcobo	58/1894
Erf No. 13, Engcobo	59/1894
Erf No. 14, Engcobo	60/1894
Erf No. 15, Engcobo	61/1894
Erf No. 42, Engcobo	88/1894
Erf No. 125, Engcobo	1208/1898
Erf No. 130, Engcobo	1213/1898
Erf No. 132, Engcobo	1215/1898
Erf No. 134, Engcobo	1217/1898
Erf No. 135, Engcobo	1218/1898

GOVERNMENT NOTICES.

The following Government Notices are published for general information:—

DEPARTMENT OF LANDS.

✻ No. 2098.] [21 October 1955.

APPOINTMENT OF COMMISSIONS FOR DETERMINING THE HIGH WATER MARK OF THE SEA.—CAPE TOWN MUNICIPAL AREA.

It is hereby notified for general information that the Honourable the Minister of Lands has approved of the appointment of Mr. C. H. Cloete (Magistrate Simonstown) in the place of Mr. R. C. Stewart, now transferred to Stellenbosch, as Chairman of the Commission for the Simonstown Magisterial District as published in *Government Gazette* No. 5288, dated 11th June, 1954 (Notice No. 607/1954).

✻ No. 232, 1955.]

PROKLAMASIE

VAN SY EKSELLENSIE DIE EDELE ERNEST GEORGE JANSEN, DOKTOR IN DIE REGTE, GOEWERNEUR-GENERAAL VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

OMSKRYWING VAN GEBIEDE WAAROP DIE BEPALINGS VAN PARAGRAAF (*b*) VAN SUBARTIKEL (3) VAN ARTIKEL *DERTIEN* VAN DIE WET OP GROEPGEBIEDE, 1950, SOOS GEWYSIG, VAN TOEPASSING IS.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf (*a*) van subartikel (3) van artikel *dertien* van die Wet op Groepsgebiede, 1950 (Wet No. 41 van 1950), soos gewysig, omskryf ek hierby, vir die doeleindes van paragraaf (*b*) van genoemde subartikel, die gebiede wat in die munisipale gebied van Engcobo in die Provinsie Kaap die Goeie Hoop en in die in Proklamasie No. 220 van 1951 aangewysigde gebied geleë is en in die Bylae hierby omskryf word.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria, op hede die Sesde dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Vyf-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

T. E. DÖNGES.

BYLAE.

IN DIE MUNISIPALE GEBIED VAN ENGCOBO, PROVINSIE KAAP DIE GOEIE HOOP.

Beskrywing van gebied.	*Kantoor van die Landmeter-generaal. Verwysingsnommer van kaart.*
Erf No. 9, Engcobo	55/1894
Erf No. 10, Engcobo	56/1894
Erf No. 12, Engcobo	58/1894
Erf No. 13, Engcobo	59/1894
Erf No. 14, Engcobo	60/1894
Erf No. 15, Engcobo	61/1894
Erf No. 42, Engcobo	88/1894
Erf No. 125, Engcobo	1208/1898
Erf No. 130, Engcobo	1213/1898
Erf No. 132, Engcobo	1215/1898
Erf No. 134, Engcobo	1217/1898
Erf No. 135, Engcobo	1218/1898

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer:—

DEPARTEMENT VAN LANDE.

✻ No. 2098.] [21 Oktober 1955.

AANSTELLING VAN KOMMISSIES INSAKE VASSTELLING VAN DIE HOOGWATERPEIL VAN DIE SEE.—KAAPSTADSE MUNISIPALE GEBIED.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat Sy Edele die Minister van Lande die aanstelling goedgekeur het van mnr. C. H. Cloete (Magistraat, Simonstad) in die plek van mnr. R. C. Stewart, nou oorgeplaas na Stellenbosch, as Voorsitter van die Kommissie vir die Simonstadse Magistraatsdistrik soos gepubliseer in *Staatskoerant* No. 5288 van 11 Junie 1954 (Kennisgewing 607/1954).

DEPARTMENT OF FINANCE.

✱ No. 2076.] [21 October 1955.

BUILDING SOCIETIES RETURNS.

In terms of section *forty-four* (3) of the Building Societies Act, 1934, the following Composite Return is published for general information:—

SUMMARY OF MONTHLY RETURNS BY PERMANENT BUILDING SOCIETIES FOR THE MONTH ENDED ON THE 31ST DAY OF AUGUST, 1955.

(Required in terms of section *forty-four* of the Building Societies Act, 1934.)

Number of Societies—Aantal verenigings	32		
Share Capital—Aandelekapitaal—			
Indefinite—Onbepaalde		£178,808,042	
Fixed Period—Vaste termyn		10,214,010	
TOTAL—TOTAAL			£189,022,052
Unimpaired Reserve Funds—Onaangetaste Reserwe Fondse			16,647,679
Deposits—Deposito's—			
Fixed—Vaste		£132,008,786	
Savings—Spaar		76,775,365	
TOTAL—TOTAAL			£208,784,151
Accrued Interest—Opgelope rente			3,698,771
Loans and Overdrafts—Lenings en Oortrekkings			1,721,930
Mortgage Advances—Voorskotte teen verband—			
Number—Aantal—			
(i) Advances over £5,000—Voorskotte bo £5,000	5,413		
(ii) All Advances—Alle Voorskotte	175,341		
Amount—Bedrag—			
(i) Advances over £5,000—Voorskotte bo £5,000			65,706,794
(ii) All Advances—Alle Voorskotte			337,016,551
Granted but not paid out—Toegestaan maar nie uitbetaal nie			21,601,447
Liquid Assets—Likwide Bate—			
Cash and Deposits—Kontant en Deposito's		13,501,612	
Unencumbered Securities—Onbeswaarde Effekte		59,742,363	
Accrued Interest—Opgelope Rente		665,805	
TOTAL—TOTAAL			73,909,780
Statutory Minimum Amounts—Statutêre Minimum Bedrag			52,808,242

DEPARTEMENT VAN FINANSIES.

✱ No. 2076.] [21 Oktober 1955.

BOUVERENIGINGSOPGAWES.

Ingevolge artikel *vier-en-veertig* (3) van die Bouverenigingswet, 1934, word onderstaande Saamgestelde Opgaaf vir algemene inligting gepubliseer:—

SAMEVATTING VAN MAANDELIKSE OPGAWES DEUR PERMANENTE BOUVERENIGINGS VIR DIE MAAND GEËINDIG OP DIE 31STE DAG VAN AUGUSTUS 1955.

(Ingevolge artikel *vier-en-veertig* van die Bouverenigingswet, 1934.)

Number of Societies—Aantal verenigings	32		
Share Capital—Aandelekapitaal—			
Indefinite—Onbepaalde		£178,808,042	
Fixed Period—Vaste termyn		10,214,010	
TOTAL—TOTAAL			£189,022,052
Unimpaired Reserve Funds—Onaangetaste Reserwe Fondse			16,647,679
Deposits—Deposito's—			
Fixed—Vaste		£132,008,786	
Savings—Spaar		76,775,365	
TOTAL—TOTAAL			£208,784,151
Accrued Interest—Opgelope rente			3,698,771
Loans and Overdrafts—Lenings en Oortrekkings			1,721,930
Mortgage Advances—Voorskotte teen verband—			
Number—Aantal—			
(i) Advances over £5,000—Voorskotte bo £5,000	5,413		
(ii) All Advances—Alle Voorskotte	175,341		
Amount—Bedrag—			
(i) Advances over £5,000—Voorskotte bo £5,000			65,706,794
(ii) All Advances—Alle Voorskotte			337,016,551
Granted but not paid out—Toegestaan maar nie uitbetaal nie			21,601,447
Liquid Assets—Likwide Bate—			
Cash and Deposits—Kontant en Deposito's		13,501,612	
Unencumbered Securities—Onbeswaarde Effekte		59,742,363	
Accrued Interest—Opgelope Rente		665,805	
TOTAL—TOTAAL			73,909,780
Statutory Minimum Amounts—Statutêre Minimum Bedrag			52,808,242

✱ No. 2084.] [21 October 1955.

Notice is hereby given that the Transfer Books of the undermentioned Local Registered Stocks will be closed from the 1st November, 1955, to the 1st December, 1955, both days inclusive, and that the dividends due on the 1st December, 1955, will be paid to the stockholders registered at the date of closing of the Transfer Books:—

4¼ Per Cent Local Registered Stock, 1974.
3 Per Cent Local Registered Stock, 1956/61.
3½ Per Cent Local Registered Stock, 1953/73.
3¾ Per Cent Local Registered Stock, 1960.
3¼ Per Cent Local Registered Stock, 1959.

✱ No. 2084.] [21 Oktober 1955.

Hierby word bekendgemaak dat die Oordragboeke van ondergenoemde Plaaslike Geregistreerde Effekte van 1 November 1955 tot en met 1 Desember 1955 gesluit sal wees en dat die dividende betaalbaar op 1 Desember 1955 aan die Effektebesitters wat op die datum van die sluiting van die Oordragboeke geregistreer is, betaal sal word:—

Plaaslike Geregistreerde Effekte van 4¼ Persent, 1974.
Plaaslike Geregistreerde Effekte van 3 Persent, 1956/61.
Plaaslike Geregistreerde Effekte van 3½ Persent, 1953/73.
Plaaslike Geregistreerde Effekte van 3¾ Persent, 1960.
Plaaslike Geregistreerde Effekte van 3¼ Persent, 1959.

✱No. 2096.] [21 October 1955.

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK.

STATEMENT OF LIABILITIES AND ASSETS ON THE 7TH DAY OF OCTOBER, 1955.

LIABILITIES.	£	s.	d.
Capital	1,000,000	0	0
Reserve Fund	2,976,510	9	0
Notes in Circulation	102,388,548	5	0
Deposits:			
(*a*) Government	7,815,350	1	3
(*b*) Bankers	44,676,051	0	5
(*c*) Other	3,207,372	14	1
Bills Payable	—		
Other Liabilities	15,298,213	17	1
	£177,362,046	6	10

ASSETS.	£	s.	d.
Gold Coin and Bullion (at 248s. per oz. fine) of which £16,850,227. 13s. 6d. held outside Union	75,937,434	8	1
Subsidiary Coin	469,505	11	3
Bills Discounted:			
(*a*) Domestic	11,800,000	0	0
(*b*) Foreign	31,789,739	10	0
Loans and Advances to the Government	2,500,000	0	0
Other Loans and Advances	3,590,727	16	0
Government Securities	37,902,446	2	9
Other Securities:			
(*a*) Union	2,468,886	4	11
(*b*) Foreign	5,009,564	5	3
Other Assets:			
(*a*) In Union	2,559,890	13	5
(*b*) Outside Union	3,333,851	15	2
	£177,362,046	6	10

Ratio of gold reserves to liabilities to public 59·8 per cent.

Pretoria, 13th October, 1955.

G. RISSIK, Chief Cashier.

✱No. 2096.] [21 Oktober 1955.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK.

STAAT VAN DIE LASTE EN BATES OP DIE 7DE DAG VAN OKTOBER 1955.

LASTE.	£	s.	d.
Kapitaal	1,000,000	0	0
Reserwefonds	2,976,510	9	0
Note in omloop	102,388,548	5	0
Deposito's van:			
(*a*) Regering	7,815,350	1	3
(*b*) Bankiers	44,676,051	0	5
(*c*) Andere	3,207,372	14	1
Te betale wissels	—		
Ander laste	15,298,213	17	1
	£177,362,046	6	10

BATES.	£	s.	d.
Goudmunt en staafgoud (teen 248s. per fyn ons) waarvan £16,850,227. 13s. 6d. buite die Unie gehou word	75,937,434	8	1
Pasmunt	469,505	11	3
Gediskonteerde wissels:			
(*a*) Binnelandse	11,800,000	0	0
(*b*) Buitelandse	31,789,739	10	0
Lenings en voorskotte aan die Regering	2,500,000	0	0
Ander lenings en voorskotte	3,590,727	16	0
Staatseffekte	37,902,446	2	9
Ander effekte:			
(*a*) Unie	2,468,886	4	11
(*b*) Buitelandse	5,009,564	5	3
Ander bates:			
(*a*) In die Unie	2,559,890	13	5
(*b*) Buite die Unie	3,333,851	15	2
	£177,362,046	6	10

Verhouding van goudreserwe tot verpligtings teenoor die publiek 59·8 persent.

Pretoria, 13 Oktober 1955. G. RISSIK, Hoofkassier.

DEPARTMENT OF AGRICULTURE.

No. 2064.] [14 October 1955.

APPLICATION FOR BRANDS.—CAPE PROVINCE.

It is hereby notified in terms of Brands Registration Acts No. 12 of 1890 and No. 4 of 1897 (Cape of Good Hope), that the undermentioned applications for the registration of brands have been received:—

No. *No.*	Name. *Naam.*	Address. *Adres.*	District. *Distrik.*	Brand. *Brandmerk.*
5669	Nieuwoudt, J. H	Werda, Vanzylsrus	Kuruman	O I JH
5670	Aziz, Ismail	61A Market Street/*Markstraat*, Vryburg	Vryburg	> IZ
5671	Katoo, John (T. son/*seun*)	Centerton, P.O./*Pk.* Hankey	Humansdorp	O F DL
5672	van Rooyen, P. J	Hankey, P.O./*Pk.* Hankey	Humansdorp	O F PJ
5673	van Rooyen, Pekeur	Hankey, P.O./*Pk.* Hankey	Humansdorp	O F PR
5674	Kurat, Japie	Centerton, P.O./*Pk.* Hankey	Humansdorp	O F JK
5675	Katoo, Stefaans, Gamtini and/*en* Daniël.	Centerton, P.O./*Pk.* Hankey	Humansdorp	O F KB
5676	Hubbard, R. H	P.O./*Pk.* Milton	Humansdorp	O F RH
5677	Walsh, Thomas Dial and/*en* Tom.	Hankey, P.O./*Pk.* Hankey	Humansdorp	O F WB
5678	Yake, John	Hankey, P.O./*Pk.* Hankey	Humansdorp	O F T
5679	Kota, Daniël	Hankey, P.O./*Pk.* Hankey	Humansdorp	O F DK
5680	Maree, S. D	Milton, P.O./*Pk.* Hankey	Humansdorp	O F 7
5681	Yake, Petrus	Centerton, P.O./*Pk.* Hankey	Humansdorp	O F Y
5682	Lansdell, J. M	Milton, P.O./*Pk.* Hankey	Humansdorp	O F JML
5683	Katoo, Piet	Hankey, P.O./*Pk.* Hankey	Humansdorp	O F PZ
5684	Strydom, W. W	Hankey, P.O./*Pk.* Hankey	Humansdorp	O F O
5685	Katoo, Eddie	Milton, P.O./*Pk.* Hankey	Humansdorp	O F EK
5685	Schoeman, M. P	Hankey, P.O./*Pk.* Hankey	Humansdorp	O F ◇
5687	Gilbert, S. and/*en* Prinsloo, N	Hankey, P.O./*Pk.* Hankey	Humansdorp	O F W

DEPARTEMENT VAN LANDBOU.

No. 2064.] [14 Oktober 1955.

AANSOEK OM BRANDMERKE.—KAAPPROVINSIE.

Hierby word ooreenkomstig die „Brands Registration Acts", No. 12 van 1890 en No. 4 van 1897 (Kaap die Goeie Hoop), bekendgemaak dat onderstaande aansoeke om die registrasie van brandmerke ontvang is:—

✱ No. 2085.] [21 October 1955.

DECIDUOUS FRUIT BOARD.—APPOINTMENT OF MEMBERS.

It is hereby notified for general information that the name of Mr. J. D. le Roux has been omitted in error from the list of producer members appointed to the Deciduous Fruit Board as promulgated by Government Notice No. 1359, dated the 1st July, 1955.

✱ No. 2085.] [21 Oktober 1955.

SAGTEVRUGTERAAD.—AANSTELLING VAN LEDE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die naam van mnr. J. D. le Roux per abuis uitgelaat is uit die lys van produsentelede wat op die Saktevrugteraad aangestel is, soos afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 1359 van 1 Julie 1955.

✱ No. 2099.] [21 October 1955.

REGISTRATION AND SALE OF FERTILIZERS.

His Excellency the Governor-General has, under the powers vested in him by section *twenty-three* of the Fertilizers, Farm Feeds, Seeds and Remedies Act, 1947 (Act No. 36 of 1947), as amended, made the regulations set out in the Annexure hereto

ANNEXURE.

INTERPRETATION.

1. For the purpose of these regulations—

"group 1 fertilizer" means—

(i) any of the substances known as ammonium sulphate, ammonium phosphate, ammonium nitrate, ammonium sulphate-nitrate, sodium nitrate, ammoniated superphosphate, potassium nitrate, calcium nitrate, calcium cyanamide, limestone ammonium nitrate, urea, superphosphate, metaphosphate, raw-phosphate, treated phosphate, basic slag, potassium chloride, potassium sulphate, potash magnesia, guano, carcase meal or hoof and horn meal;

(ii) any bone, blood, fish or meat product; or

(iii) any mixture composed mainly of one or more of the said substances or products; provided such substance, product or mixture complies with the requirements (if any) prescribed in these regulations in respect of such substance, product or mixture;

"group 2 fertilizer" (hereinafter also referred to as "fertilizing material") means any substance, product or mixture which is not classified as a group 1 fertilizer;

"per cent" or "percentage" means per cent or percentage of weight;

"guaranteed analysis" means the percentage primary and/or secondary plant feeds as guaranteed by the manufacturer or producer and as will be delivered to the consumer;

"the Act" means the Fertilizers, Farm Feeds, Seeds and Remedies Act, 1947, as amended.

REGISTRATION.

2. (1) Every application for the registration of a fertilizer shall be submitted, in triplicate, in the case of—

(*a*) a group 1 fertilizer, in the form prescribed in the Second Schedule hereto; and

(*b*) a fertilizing material, in the form prescribed in the Third Schedule hereto;

to

The Registering Officer,
Department of Agriculture,
Private Bag 116,
Pretoria,

together with the registration fee, specified in the First Schedule hereto.

(2) Before considering an application, the Registering Officer may call upon the applicant to furnish him with such further information (including suitable samples of the fertilizer in question) as he may deem necessary in order to determine whether such fertilizer is suitable and sufficiently effective for the purpose for which it is intended.

(3) Whenever a fertilizer is registered, the registering officer shall issue or cause to be issued to the applicant a registration certificate which shall be valid for a period not exceeding twelve months and which shall expire on the 30th June, each year.

(4) An application for the renewal of an existing registration shall be submitted not later than the date on which it expires, viz., 30th of June each year. Applications for renewal of registration shall be in the form prescribed in the Sixth Schedule hereto.

✱ No. 2099.] [21 Oktober 1955.

REGISTRASIE IN EN VERKOOP VAN MISSTOWWE.

Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal het, kragtens die bevoedheid hom verleen by artikel *drie-en-twintig* van die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Saad en Middels, 1947 (Wet No. 36 van 1947), soos gewysig, die regulasies in die Aanhangsel hierby uiteengesit, gemaak.

AANHANGSEL.

VERTOLKINGS.

1. Vir die toepassing van hierdie regulasies beteken—

„misstof van groep 1"—

(i) enigeen van die stowwe bekend as ammoniumsulfaat, ammoniumfosfaat, ammoniumnitraat, ammoniumsulfaatnitraat, natriumnitraat, geammonifiseerde superfosfaat, kaliumnitraat, kalsiumnitraat, kalsiumsianamied, kalsteenammoniumnitraat, ureum, superfosfaat, metafosfaat, ru-fosfaat, behandelde fosfaat, slakmeel, kaliumchloried, kaliumsulfaat, potasmagnesia, ghwano, karkasmeel, of hoef- en horingmeel;

(ii) enige been-, bloed-, vis- of vleisproduk; of

(iii) 'n mengsel wat hoofsaaklik uit een of meer van genoemde stowwe of produkte bestaan; met dien verstande dat sodanige stof, produk of mengsel voldoen aan die vereistes (indien daar is) by hierdie regulasies, voorgeskryf vir sodanige stof, produk of mengsel;

„misstof van groep 2" (hieronder ook "bemestingstof" genoem) 'n stof, produk of mengsel wat nie as 'n misstof van groep 1 geklassifiseer word nie;

„persent" of „persentasie" persent of persentasie volgens gewig;

„gewaarborgde analise" die persentasie primêre en/of sekondêre plantvoedsels soos gewaarborg deur die fabrikant of produsent en soos aan die verbruiker gelewer sal word;

„die Wet", die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Saad en Middels, 1947, soos gewysig.

REGISTRASIE.

2. (1) Elke aansoek om die registrasie van 'n misstof word in triplo gerig in die geval van—

(*a*) 'n misstof van groep 1, in die vorm in die Tweede Bylae hiervan voorgeskryf; en

(*b*) 'n bemestingstof in die vorm in die Derde Bylae hiervan voorgeskryf;

aan—

Die Registrasiebeampte,
Departement van Landbou,
Privaatsak 116,
Pretoria,

tesame met die registrasiegeld soos in die Eerste Bylae hiervan gespesifiseer.

(2) Voordat 'n aansoek oorweeg word, kan die Registrasie-beampte die applikant versoek om hom van sodanige verdere inligting (met inbegrip van geskikte monsters van die betrokke misstof) te voorsien as wat hy nodig mag ag ten einde vas te stel of die misstof geskik en doeltreffend genoeg is vir die doel waarvoor dit bestem is.

(3) Telkens wanneer 'n misstof geregistreer is, reik die registrasiebeampte 'n registrasiesertifikaat aan die applikant uit of laat hy een uitreik wat geldig sal wees vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande en wat elke jaar op 30 Junie verstryk.

(4) 'n Aansoek om hernuwing van 'n bestaande registrasie word ingedien nie later as die datum waarop dit verstryk nie, te wete, 30 Junie van elke jaar. Aansoeke om hernuwing van registrasie word gedoen op die vorm soos in die Sesde Bylae hiervan voorgeskryf.

(5) Any change in the analysis of a registered fertilizer shall be considered as a new fertilizer which shall require registration anew.

(6) Applications for the registration of fertilizers manufactured outside the Union shall be considered only if submitted through a representative of the manufacturer resident or carrying on business within the Union.

APPEALS.

3. (1) Whenever an application for registration has been rejected, or where a registration has been made subject to conditions in terms of sub-section (3) of section *three* of the Act, or has been cancelled in terms of section *four* of the Act, the applicant may—

(*a*) within 14 days of being notified of such rejection, imposition of conditions or cancellation, apply to the Registering Officer in writing for the reasons of such decision, and the Registering Officer shall within 14 days from the date of receipt of such application furnish the applicant in writing with such reasons;

(*b*) within 56 days of being notified of such rejection, imposition of conditions or cancellation, appeal to the Minister in writing against such decision.

(2) The provisions of paragraph (*a*) of sub-regulation (1) shall apply *mutatis mutandis* in respect of any decision given by the Minister in connection with an appeal lodged with him in terms of paragraph (*b*) of the said sub-regulation.

MARKING OF CONTAINERS.

4. (1) Except as provided by sub-regulation (5) of regulation 4 no person shall sell any fertilizer unless there is clearly and legibly marked on the container in which it is sold—

(*a*) in the case of a group 1 fertilizer—
- (i) the word "fertilizer";
- (ii) the name and brand of the fertilizer;
- (iii) as part of and immediately preceding the name, the letters "H.G." in the case of a fertilizer complying with the requirements hereinafter prescribed for a high-grade fertilizer, or the letters "L.G." in the case of a fertilizer complying with the requirements hereinafter prescribed for a low-grade fertilizer;
- (iv) the words "registered in terms of Act No. 36 of 1947"; and
- (v) such further information as is hereinafter required;

(*b*) in the case of a fertilizing material—
- (i) the words "fertilizing material";
- (ii) the name and brand (if any) of the fertilizing material;
- (iii) the words "registered in terms of Act No. 36 of 1947";
- (iv) the guaranteed analysis of the fertilizing material, excluding the fertilizing materials mentioned in sub-regulation 5 (*b*) of regulation 4.
  - (*a*) In respect of lime products intended for agricultural purposes, such guaranteed analysis shall be indicated as follows:—
    - (i) Slaked lime originating from limestone or dolomitic lime products—
      calcium hydroxide [$Ca(OH)_2$] not less than ..... per cent;
      magnesium hydroxide [$Mg(OH)_2$] not less than ..... per cent;
      calcium carbonate ($CaCO_3$) equivalent not less than ..... per cent;

(5) Indien daar 'n verandering in die ontleding van 'n geregistreerde misstof aangebring word, word dit as 'n nuwe misstof beskou wat op nuut geregistreer moet word.

(6) Aansoeke om die registrasie van misstowwe wat buite die Unie vervaardig word, sal slegs oorweeg word as dit ingedien word deur 'n verteenwoordiger van die fabrikant wat in die Unie woon of in die Unie in bedryf is.

APPÈL.

3. (1) Wanneer 'n aansoek om registrasie van die hand gewys is, of 'n registrasie kragtens subartikel (3) van artikel *drie* van die Wet aan voorwaardes onderworpe gemaak, of kragtens artikel *vier* van die Wet ingetrek is, kan die applikant—

(*a*) binne 14 dae nadat hy van sodanige verwerping, oplegging van voorwaardes, of intrekking in kennis gestel is, skriftelik by die registrasiebeampte aansoek doen om die redes vir sodanige beslissing, en die registrasiebeampte verskaf sodanige redes skriftelik aan die applikant binne 14 dae na die datum van ontvangs van sodanige aansoek;

(*b*) binne 56 dae nadat hy van sodanige verwerping, oplegging van voorwaardes of intrekking in kennis gestel is, skriftelik by die Minister appèl aanteken teen sodanige beslissing.

(2) Die bepalings van paragraaf (*a*) van subregulasie (1) is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van 'n beslissing wat deur die Minister gegee is in verband met 'n appèl wat kragtens paragraaf (*b*) van genoemde subregulasie by hom aangeteken is.

MERK VAN HOUERS.

4. (1) Uitgesonderd soos bepaal by subregulasie (5) van regulasie 4 mag niemand 'n misstof verkoop nie, tensy daar duidelik en leesbaar op die houer waarin dit verkoop word aangebring is—

(*a*) in die geval van 'n misstof van groep 1—
- (i) die woord „Misstof";
- (ii) die naam en handelsmerk van die misstof;
- (iii) as deel van en onmiddellik voor die naam die letters „H.G." in die geval van 'n misstof wat voldoen aan die vereistes hieronder voorgeskryf vir 'n hoëgraadse misstof, of die letters „L.G." in die geval van 'n misstof wat voldoen aan die vereistes hieronder voorgeskryf vir 'n laegraadse misstof;
- (iv) die woorde „geregistreer kragtens Wet No. 36 van 1947"; en
- (v) sodanige verdere inligting as wat hieronder vereis word;

(*b*) in die geval van 'n bemestingstof—
- (i) die woord „Bemestingstof";
- (ii) die naam en handelsmerk (indien daar is) van die bemestingstof;
- (iii) die woorde „geregistreer kragtens Wet No. 36 van 1947";
- (iv) die gewaarborgde analise van die bemestingstof, uitgesonderd die bemestingstowwe genoem in subregulasie 5 (*b*) van regulasie 4.
  - (*a*) Ten opsigte van kalkprodukte wat vir landboudoeleindes bedoel is, moet sodanige gewaarborgde analise as volg aangetoon word:—
    - (i) Gebluste kalk afkomstig van kalksteen of dolomitiese kalkprodukte—
      kalsiumhidroksied [$Ca(OH)_2$] nie minder as ..... persent;
      magnesiumhidroksied [$Mg(OH)_2$] nie minder as ..... persent;
      kalsiumkarbonaat ($CaCO_3$) ekwivalent nie minder as ..... persent;

(ii) agricultural and dolomitic lime—

calcium carbonate ($CaCO_3$) not less than ..... per cent;
magnesium carbonate ($MgCO_3$) not less than ..... per cent;
fineness through a 60-mesh sieve not less than ..... per cent;

(*b*) When claims in respect of trace elements are made in a fertilizing material, the elements in respect of which claims are made shall be clearly indicated on the container in the elemental form of the element.

(*c*) In the case of an organic fertilizing material the guaranteed analysis shall be indicated on the container as follows:—

Nitrogen total not less than ..... per cent;
phosphate (available P_2O_5) not less than ..... per cent;
phosphate (total P_2O_5) not less than ..... per cent;
potash (available K_2O) not less than ..... per cent;
potash (total K_2O) not less than ..... per cent;

(2) The name to be marked in terms of sub-regulation (1) of regulation 4 shall be the name of the fertilizer in question as it appears in the application for registration.

(3) Markings or inscriptions prescribed by these regulations shall appear on one side of the receptacle containing the fertilizer and shall—

(*a*) in the case of a receptacle containing not less than 100 lb., be in symbols, letters or numbers not less than 1 inch in height;

(*b*) in the case of a receptacle containing less than 100 lb., be in symbols, letters or numbers not less than one-fifteenth of the height of the receptacle when filled; and

(*c*) in the case of a receptacle containing fertilizing materials, be only the guarantee in symbols, letters or numbers not less than $\frac{1}{2}$ inch in height.

(4) Save as may be provided by any other law, no markings or inscriptions other than those permitted or prescribed by these regulations, the names and addresses of the consignor and the consignee of the fertilizer and the registered trade mark of the person (firm, company) responsible for the registration of the fertilizer, may appear on any container in which fertilizer is sold.

(5) The requirements prescribed for the marking of containers of fertilizers shall not apply in the case of the sale of—

(*a*) a fertilizer—

(i) in quantities of 50 lb. or less at a time if the container in which it is sold is at the time of sale filled from another container which is properly marked according to the requirements prescribed;

(ii) in bulk;

(*b*) karoo manure, karoo ash, karoo manure-ash mixture, kraal manure, stable manure, farm compost, municipal compost, sewage sludge or seaweed.

INVOICE.

5. The invoice to be given or sent to a purchaser of a fertilizer, as required by section *nine* of the Act, shall indicate—

(*a*) the name and address of the person by whom it is sold;
(*b*) the name and address of the person to whom it is sold;
(*c*) the date of sale;
(*d*) whether it is a high-grade or low-grade fertilizer or a fertilizing material;
(*e*) the name and brand of the fertilizer as registered;

(ii) landbou- en dolomitiese kalk—

kalsiumkarbonaat ($CaCO_3$) nie minder as ..... persent;
